Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek

Byeengebring deur

teachme2

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

BESIGHEIDSTUDIES V2

NOVEMBER 2023

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoorde op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	**1**	**30**	**20**
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.	**2**	**40**	**70**
	3	**40**	
	4	**40**	
C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.	**5**	**40**	**30**
	6	**40**	
TOTAAL		**150**	**120**

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Mandla het die … leierskapsteorie toegepas toe hy sy span aangemoedig het om kreatief te wees wanneer drastiese veranderinge in 'n dinamiese werksomgewing hanteer word.

A situasionele
B leiers-en-volgelinge-
C transformasie-
D transaksionele

1.1.2 Die direkteure van 'n … maatskappy is gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir die skulde van die besigheid.

A nie-winsgewende
B persoonlike-aanspreeklikheids-
C staatsbeheerde
D privaat

1.1.3 Die hoofsom bly onveranderd vir die tydperk van die beleggingsperiode wanneer … bereken word.

A enkelvoudige rente
B kapitaalwins
C saamgestelde rente
D dividende

1.1.4 Werknemers van Ntsako Handelaars het sonder toestemming ná werksure die internetfasiliteite van die besigheid gebruik. Dit verwys na … as 'n tipe onprofessionele sakepraktyk.

A onproduktiewe werknemers
B misbruik van werktyd
C moeilike werknemers
D ongemagtigde gebruik van werkplekfondse en hulpbronne

1.1.5 Besighede ontwikkel beradingsprogramme en lei raadgewers op as 'n strategie om … as 'n sosio-ekonomiese kwessie te hanteer.

A armoede
B MIV/Vigs
C inklusiwiteit
D werkloosheid (5 x 2) (10)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

1.2. Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

planeet; kundige; koöperasie; oorverseker; besluitneming; vennootskap; onderverseker; probleemoplossing; klaer; persone

1.2.1 Die aweryklousule word toegepas wanneer bates … is om die bedrag te bepaal wat aan die versekerde uitbetaal sal word.

1.2.2 Die … as 'n ondernemingsvorm het geen wetlike persoonlikheid nie en het 'n gebrek aan kontinuïteit.

1.2.3 Fuze Ondernemings fokus op … as 'n drievoudige sleutelaspek-element deur aan projekte deel te neem wat daarop gemik is om gemeenskappe op te hef.

1.2.4 'n Bestuurder oorweeg verskeie alternatiewe voordat die beste een geselekteer word. Dit staan as … bekend.

1.2.5 Tim, die toesighouer, is ferm en selfversekerd met die hantering van 'n … as 'n tipe moeilike persoonlikheid. (5 x 2) (10)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Bonusaandele	A	'n groot groep werknemers maak voorstelle om nuwe gedagtes te inspireer
1.3.2	Bestuur	B	bevorder 'n platform vir werknemers om hulle ontevredenheid sonder viktimisering te opper
1.3.3	Delphi-tegniek	C	spanlede het 'n positiewe houding van ondersteuning teenoor ander lede
1.3.4	Vryheid van spraak en uitdrukking	D	uitgereik as vergoeding vir onbetaalde dividende
1.3.5	Gedeelde waardes	E	gebruik mag op grond van hulle kennis en vaardighede
		F	'n groep deskundiges los besigheidsprobleme op sonder om hulle byeen te bring
		G	uitgereik as vergoeding aan die promotors van die maatskappy
		H	spanlede respekteer die vaardighede van ander lede
		I	bevorder gemeenskaplike interaksie tussen interne en eksterne belanghebbendes
		J	gebruik mag op grond van die posisie van outoriteit

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Noem enige VIER voorbeelde van nieverbale aanbiedings. (4)

2.2 Beskryf kortliks die rol van persoonlike houding in suksesvolle leierskap. (6)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BIZANA SPORTDRAG (BS)

Bizana Sportdrag het kleinhandelswinkels regoor die land. Die bestuur van BS laat hulle werknemers toe om aan die besluitnemingsproses deel te neem.

2.3.1 Identifiseer die leierskapstyl wat deur BS in die scenario hierbo toegepas word. (2)

2.3.2 Stel situasies voor waarop die leierskapstyl wat in VRAAG 2.3.1 geïdentifiseer is, in die werkplek toegepas kan word. (4)

2.4 Bespreek die impak van Regering-/RSA-kleinhandelspaareffekte as 'n beleggingsvorm. (6)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

GROEN LOGISTIEKE (GL)

Groen Logistieke is in die proses om hulle surplusfondse te belê. Hulle het die beleggingsperiode en moontlike risiko in die verskillende beleggingsopsies oorweeg. GL het ook waagkapitaal as die beste beleggingsgeleentheid geïdentifiseer om hulle besigheid uit te brei.

2.5.1 Noem TWEE faktore wat GL in ag geneem het toe 'n beleggingsbesluit in die scenario hierbo geneem is. (2)

2.5.2 Verduidelik waagkapitaal as 'n tipe beleggingsgeleentheid. (4)

2.6 Bespreek die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) as 'n soort verpligte versekering. (6)

2.7 Gee besighede raad oor hoe die *verdeling van winste* tot die sukses en/of mislukking van 'n publieke maatskappy kan bydra. (6)

[40]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Noem enige TWEE stappe in probleemoplossing. (2)

3.2 Beskryf kortliks die oorsake van konflik in die werkplek. (6)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

ZAMA TEGNOLOGIE (ZT)

Zama Tegnologie erken diversiteitskwessies om 'n inklusiewe arbeidsmag tot stand te bring. Hulle moedig jonger werknemers aan om ouer werknemers te respekteer en by hulle te leer. ZT het ook opritte vir rolstoele by die ingang van hulle kantoor gebou.

Identifiseer TWEE diversiteitskwessies wat ZT aangepak het. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.3 te beantwoord.

DIVERSITEITSKWESSIES	MOTIVERINGS
1.	
2.	

(6)

3.4 Verduidelik die voordele van kreatiewe denke in die werkplek. (6)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

EKSTEEN HOTEL (EH)

Eksteen Hotel verskaf vervoer aan werknemers wat ongewone lang ure werk. Hulle betaal regverdige bonusse aan werknemers as erkenning van hulle harde werk en toewyding. EH implementeer ook etiese korrekte besigheidsbesluite om besoedeling van die omgewing te voorkom.

3.5.1 Haal TWEE maniere aan waarop EH tyd en moeite bygedra het om die welstand van werknemers te bevorder uit die scenario hierbo. (2)

3.5.2 Beskryf ander maniere waarop besighede tyd en moeite kan bydra om die welstand van werknemers te bevorder. (4)

3.6 Verduidelik hoe besighede die volgende King-kode-beginsels vir goeie korporatiewe bestuur kan toepas om etiese sakepraktyke te verbeter:

3.6.1 Deursigtigheid (4)

3.6.2 Aanspreeklikheid (4)

3.7 Beveel maniere aan waarop besighede *prysbepaling van goedere in landelike gebiede* as 'n tipe onetiese sakepraktyk kan hanteer. (6)

[40]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 Noem enige TWEE soorte voorkeuraandele. (2)

4.2 Beskryf kortliks die voordele van 'n maatskappy sonder winsoogmerk. (4)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ADONISI MODES (AM)
Die bestuur van Adonisi Modes wil hulle voorraad teen brand, veranderings in modes en diefstal verseker. Hulle het navorsing gedoen oor versekerbare risiko's en verstaan die belangrikheid van versekering.

4.3.1 Noem TWEE versekerbare risiko's in die scenario hierbo. (2)

4.3.2 Verduidelik die voordele van versekering vir besighede. (6)

4.4 Gee besighede raad oor die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (die JSE). (6)

BESIGHEIDSROLLE

4.5 Beskryf kortliks die ekonomiese regte van werknemers in die werkplek. (4)

4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

JASON ONDERNEMINGS (JO)
Jason Ondernemings ervaar 'n afname in verkope in een van hulle produklyne. JO het hulle werknemers versoek om in stilte idees op hulle eie te genereer voordat hulle dit met ander deel.

4.6.1 Identifiseer die probleemoplossingstegniek wat JO in die scenario hierbo toegepas het. (2)

4.6.2 Verduidelik ander maniere waarop JO die probleem-oplossingstegniek wat in VRAAG 4.6.1 geïdentifiseer is, kan toepas. (4)

4.7 Bespreek die impak van korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid (KMV) op gemeenskappe. (6)

4.8 Gee besighede raad oor die rolle van gesondheids- en veiligheids-verteenwoordigers om die werkplek-omgewing te beskerm. (4)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy OF VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (AANBIEDING EN DATA-RESPONS)

'n Goed ontwerpte multimedia-aanbieding is nodig om met besigheids-belanghebbendes te kommunikeer. Aanbieders moet weet watter faktore om tydens die aanbieding in ag te neem om 'n suksesvolle aanbieding te verseker. Sommige aanbieders gebruik uitdeelstukke en blaaiborde om die gehalte van hulle aanbiedings te verbeter. Die hantering van terugvoering op 'n nie-aggressiewe en professionele wyse is belangrik vir die afsluiting van 'n aanbieding.

Skryf 'n opstel oor aanbieding en data-respons waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks aspekte wat in ag geneem moet word wanneer 'n multimedia-aanbieding ontwerp word.
- Verduidelik die faktore wat die aanbieder tydens die aanbieding in ag moet neem.
- Bespreek die impak van die volgende visuele hulpmiddels:
  - Uitdeelstukke
  - Blaaiborde
- Beveel maniere aan waarop aanbieders terugvoering op 'n nie-aggressiewe en professionele wyse kan hanteer. **[40]**

VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (BEOORDELING VAN SPANPRESTASIE EN KONFLIKBESTUUR)

Die werkplek-omgewing is dinamies en bestaan uit mense met verskillende ervarings, wat tot griewe en konflikte kan lei. Besighede volg die korrekte prosedure om griewe in die werkplek te hanteer. Hulle weet ook dat spanne deur verskillende stadiums van spanontwikkeling gaan en spandinamika-teorieë volg as 'n riglyn om spanprestasie te verbeter.

Skryf 'n opstel oor die beoordeling van spanprestasie en konflikbestuur waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die verskille tussen *griewe* en *konflik*.
- Verduidelik die korrekte prosedure om griewe in die werkplek te hanteer.
- Bespreek die volgende stadiums van spanontwikkeling:
  - Bestorming
  - Normering
- Gee besighede raad oor die belangrikheid van spandinamika-teorieë in die verbetering van spanprestasie. **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou